APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

TATOEëERING VAN BULLE

"TATOEËER SO:

U kuddekenmerkletters (bv UG) gevolg deur die laaste 2 syfers van die jaartal (12 van 2012) en volgnommer binne jaar (1 vir eerste kalf, 2 vir tweede, ens.): UG121, UG122 **sonder 'n 0 voor volgnommer.**

Simmentaler: Hulpstamboek A koeie: Kuddeletter plus enige nommer wat nog nie vantevore gebruik is nie, voorafgaande met jaar syfers bv AB0810H (plus letter H.

Simbra: F1 Cum: Kuddeletter plus enige nommer wat nog nie vantevore gebruik is nie, voorafgaande met jaar syfers bv AB0810A (plus letter A).

Geboortekennisgewings moet vir elke kalwing (ook dooie en uitskot kalwers en aborsies oor 7 maande) binne vier maande na die kalfdatum aangemeld word.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Tatoeëring van bulle

Personeel

Simmentaler Webblad

Nuwe Simmentaler en Simbra Promosie Blaaie

Sim Nasionale Veiling

Algemene Jaarvergadering

Simblog

Bakkie

Personalia

Swellendam Simmentaler Skou

Frankfort Simmentaler Skou

Frankfort Simbra Skou

Simmentaler Beoordelaars Simposium

Veilingsuitslae

LNR-Simmentaler/Simbra Samewerking

"Hard work often leads to success. No work seldom does"
Harvey Mackay

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

PERSONEEL

Dit is met opregte spyt dat ons u meedeel dat twee van die Genootskap se Tegniese Adviseurs bedank het. Mnr Japsie Blaauw verlaat die diens van die Genootskap op 10 Maart 2012 en Mnr I Currin verlaat die diens op 15 Mei 2012. Tydens die Raadsvergadering op 21 en 22 Maart 2012 was daar onderhoude gevoer met twee moontlike kandidate om hierdie pos te vul. Dit is 'n voorreg om u mee te deel dat Mnr Schullie Schulenburg gedurende Mei 2012 diens as Tegniese Adviseur by die Genootskap sal betree. Mnr Schulenburg het in 1965 te Coligny Hoërskool gematrikuleer en het ook sy Landbou Diploma afgelê by Potchefstroom Landbou Kollege. Mnr Schulenburg is getroud en het twee seuns.

Ons verwelkom graag vir Jana Bester wat vanaf 26 Maart 2012 by die Admin span aangesluit het. Jana is afkomstig vanaf Hotazel en is vanaf 1986 woonagtig te Bloemfontein waar sy by Nedbank begin werk het. Sy is getroud met Paul Bester wat aan die SANDF verbonde is. Jana en Paul is geseënd met drie pragtige dogters – Sune is 19 jaar oud en tweede jaar op universiteit, Marlise is 17 jaar oud en in matriek en die jongste, ook Jana, is 12 jaar oud en in graad 7. Sy is baie opgewonde oor haar aanstelling en sien daarna uit om 'n nuwe pad saam met die Genootskap en sy mense te stap.

Soos u reeds weet het Mnr Johan Potgieter ook die diens van die Genootskap verlaat op 30/3/2012. Namens die Raad en die Genootskap wens ons hom alle sterkte toe met sy toekomsplanne. Namens die Genootskap dank ons hom vir sy waardevolle insette gelewer oor sy dienstermyn. Tydens die genoemde Raadsvergadering is daar ook besluit geneem om nie op hierdie stadium 'n Hoofbestuurder by die Genootskap in diens te neem nie. Afdelings by die kantoor sal direk raporteer aan die Raadslid en President soos ingedeel by verskillende portefeuljes.

SIMMENTALER WEBBLAD

Besoek gerus ons nuwe Simmentaler Webblad by www.simmentaler.co.za en lig ons in van enige klagtes en/of gedagtes. Neem net kennis dat die nuwe webblad meer "user-friendly" is as u dit deur Google Chrome laai

Fast start-up
Google Chrome launches immediately.
Fast loading
Google Chrome loads websites quickly.
Fast search
Search the internet directly from the address bar

https://www.google.com/chrome?&brand=CHMA&utm_campaign=en&utm_source=en-ha-na-row-bk&utm_medium=ha

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Die basis van teelwaardes

DNA lab nommer op Simmentaler en Simbra Sertifikaat

Sertifisering voeg waarde toe

Belangrike Datums

Borge vir die Simbra Fees

ABSA Vandag, môre, altyd saam.

Eskom

VOERMOL

MOLATEK

"Ability is what you're cabable of doing. Motivation determines what you do. Attitude determines how well you do it" Lou Holtz

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

NUWE SIMMENTALER EN SIMBRA PROMOSIE BLAAIE

Die nuwe Simbra Handleiding kan gesien word by http://simblog.co.za/books/why-simbra-book/ en ook bestel word vanaf die kantoor teen R15 (BTW ingesluit) plus posgelde. Skakel gerus met Belinda Putter by 051-4460580 of admin@simbra.org vir 'n bestelling. Sien ook die Simmentaler "Crossbreeding" boekie by http://www.simblog.co.za/books/crossbreeding/

SIM NASIONALE VEILING

Die Sim Nasionale Veiling sal steeds op **4 Oktober 2012** te **Stonehenge**, Parys plaasvind. Alle verdere inligting sal binnekort op die webblad beskikbaar wees.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op **3 Oktober 2012** te **Parys**. Die finale plek sal nog aan u deurgegee word, asook die vorige Notule van die vergadering gehou op 4 Oktober 2011. Neem ook kennis dat daar weer 'n vingerete en prysuitdeling sal wees om 13h00 en die vergadering direk na afloop daarvan om 14h00 sal begin. Hoop om u daar te sien.

SIMBLOG

Die Simgespreksforum is 'n interaktiewe, twee-rigting kommunikasie medium tussen lede van die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika en bestuur van die Genootskap, met die primêre oogmerk om kommunikasie tussen Simmentaler/Simbra lede en die Genootskap aan te moedig. Alle geregsitreerde lede van die Genootskap het toegang tot inligting en kan deelneem aan gesprekke op die gespreksforum. Nie-lede het slegs toegang tot die "Nuus" gedeelte op die Simgespreksforum. Registreer en besoek ons gerus by http://www.simblog.co.za/ vir meer inligting.

SIMMENTALER en SIMBRA BAKKIE

Die rebranding van ons bakkie lyk al te pragtig!
Wees op die uitkyk as ons die pad vat, jy kan ons nie miskyk nie!!!



"The strongest princple of growth lies in human choice"
George Eliot

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

PERSONALIA

Christiaan Bouwer (Smaldeel Simbras) is in Vrydag (30/03/2012) se koerant aangewys as een van die vier finaliste vir die Vrystaat se Jong Boer van die Jaar. Die wenner word op 12 April 2012 aangewys. Baie sterkte aan Christiaan - ons hou duimvas!!!

SWELLENDAM SKOU 2012

25 Februarie 2012
Beoordelaars: E Schulenburg en H van der Merwe
8 Vertoners – 52 Diere

Meeste punte vir:

Groepe:

(1) Kyksim Boerdery, Swellendam
(2) Simberg Simmentalers, Die Boord
(3) Andrew Masterson FamilyTrust, Humansdorp

Bulle:

(1) Stansim Simmentalers, Die Boord
(2) Andrew Masterson FamilyTrust, Humansdorp
(3) Kyksim Boerdery, Swellendam

Vroulik:

(1) Simberg Simmentalers, Die Boord
(2) PG Loubser, Malmesbury
(3) Kyksim Boerdery, Swellendam Stansim Simmentalers, Faerie Glen

Algeheel:

(1) Simberg Simmentalers, Die Boord
(2) Kyksim Boerdery, Swellendam
(3) Stansim Simmentalers, Faerie Glen

Moedersafstammenlingsgroep – Twee kalwers, enige geslag en ouer as 12 maande:

1) Kykso Anhammi MS99191, Simberg Simmentalers, Die Boord
2) Kykso Jupra MS99133, Kyksim Boerdery, Swellendam

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit drie dogters, ouer as 12 maande:

1) Wymar Petrus WM0668, Kyksim Boerdery, Swellendam
2) Salerika Eksellent UG0481, Andrew Masterson Family Trust, Humansdorp
3) Salerika Bevan 2 UG0082, Swart Broers Boerdery, Swellendam
4) Jaslem Naas JJM0562, Simberg Simmentalers, Die Boord

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

H van der Merwe en E Schulenburg

"Where there is no vision, people perish"
Proverbs 29.18

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

BULLE	
BLUP Kampioen Bul	
Milagro Ibis 0932 ACM0932 ACM0932; BW:+1.6; WW: +17; (Ru-Dev Staal CMO0273 X Jastlem Lume – 4E JJM0550) Teler en Eienaar: Andrew Masterson Family Trust, Hunasdorp	
Junior en Groot Kampioen Bul	
Milagro Jan-Jan 1026 ACM1026 ACM1026; BW:+2.8; WW: +23; (Erico Napoleon E04105 X Milagro Lume 0808 ACM0808) Teler en Eienaar: Andrew Masterson Family Trust, Humansdorp	
Reserwe Junior en Reserwe Groot Kampioen	
Milagro Joseph 1014 ACM1014 ACM1014; BW: +1.2; WW: +13; (Ru-Dev Staal CMO0273 X Milagro Beate ACM043) Teler en Eienaar: Andrew Masterson Family Trust, Humansdorp	

VROULIK	
Superkoei	
Van-Imhoff First Daughter VIS071 VIS071; S=104; K=3 ; (Erico Primal E9884 X Locheim Corin WDW003) Teler en Eienaar: PG Loubser, Malmesbury	

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

"Concentration is the secret of strenght"
Ralph Waldo Emerson

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

Senior en Reserwe Groot Kampioen Koei	
Kyksim Anabal KS0560 KS0560; S=92; K=4; (Kyksim Banol KS028 X Kykso Anhami MS99191) Teler en Eienaar: JD Berger, Die Boord	
Reserwe Senior Kampioen Koei	
Simberg Sabal JS083 JS083; S=113; K=2 (Jastlem Naas JJM0562 X Kyksim Anabal KS0560) Teler en Eienaar: JD Berger, Die Boord	
Junior en Groot Kampioen Koei	
Milagro Sandra 0935 ACM0935 ACM0935; S=110; K=1 (Ru-Dev Staal CMO0273 X Jastlem Sandra JJM0313) Teler en Eienaar: Andrew Masterson Family Trust, Humansdorp	
Reserwe Junior Kampioen Koei	
Milagro 0912 ACM0912 ACM0912; S=100; K=1; (Salerika Eksellent UG0481 X Milagro ACM0561H) Teler en Eienaar: Andrew Masterson Family Trust, Humansdorp	

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

"The smalest good deed is better than the grandest good intention"
Duguet

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

FRANKFORT SIMMENTALER SKOU

8 Maart 2012
Beoordelaars: N Venter en D Erasmus
8 Vertoners – 61 Diere

Meeste punte vir:

Groepe:
(1) JSH van der Lingen, Frankfort
(2) N van Heerden, Bethlehem
(3) P Abrahamse, Three Rivers

Vroulik:
(1) JSH van der Lingen, Frankfort
(2) N van Heerden, Bethlehem
(3) P Abrahamse, Three Rivers

Bulle:
(1) JSH van der Lingen, Frankfort
(2) AG Odendaal, Villiers
(3) A Res, Heidelberg

Algeheel:
(1) JSH van der Lingen, Frankfort
(2) N van Heerden, Bethlehem
(3) P Abrahamse, Three River

Moedersafstammelingsgroep – bestaande uit twee kalwers, enige geslag en ouer as 12 maande:
(1) Lewenslus Penbena JVL0224, JSH van der Linge, Frankfort;
(2) Ashtonvale Lelia AH0466, N van Heerden, Bethlehem;
(3) Wisp-Will Vanna WC9874, Niel van Heerden, Bethlehem.

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit drie dogters, ouer as15 maande:
(1) Bar 5 SA Piona O03817, P Abrahamse, Three Rivers.
(2) Lewenslus Penbee JVL0313, JSH van der Lingen, Frankfort.

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit drie seun, ouer as 12 maande:
(1) Lewenslus Pemzeg VL084, JSH van der Lingen, Frankfort;
(2) Anmalu Prinsie AML047, Niel van Heerden, Bethlehem.

Vadersafstammelingsgroep – bestaande uit twee dogters, ouer as 15 maande en twee seuns, ouer as 12 maande:
(1) Jaslem Sloet 2e JM0316, A Res, Heidelberg;
(2) Bar 5 SA Piona CO03817, P Abrahamse, Three Rivers;
(3) Anmalu Prinsie ML047, N van Heerden, Bethlehem.

BULLE	
Groot en Junior Kampioen Bul	
Sersim Sadam SER0957 SER0957; 29 mnde; BW: -0.6; WW: +13; (Jastlem Sloet 2e JJM0316 X Anloria Santal AHR0112) Teler en Eienaar: MJ Res, Heidelberg	

"To climb steep hills requires a slow pace at first"
Shakespeare

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Reserwe Junior Kampioen Bul	
Odensim Strike AGO1029 AGO1029; 21 mnde; BW: +2.3; WW: +22; (Bar 5 S.A. Strice 413P CO04413 X Odensim Fraueise (P) AGO0416) Teler en Eienaar: AG Odendaal, Villiers	
Senior en Reserwe Groot Kampioen Bul	
Nawina Elter (P) IP0725 IP0725; 56 mnde; BW: +2.2; WW: +3.5; (Wymar Paymaster (P) WM0438 X Nawina Elret IP0235) Teler en Eienaar: Corne de Jager, Reitz	
Reserwe Senior Kampioen Bul	
Rivervalley Era AB0826 AB0826; 40 mnde; BW: +3.0; WW: +125; (Bar 5 S.A. Harrach CO04801 X Odensim Marietta AGO9867) Teler en Eienaar: PA Abrahamse, Three Rivers	
BLUP Kampioen Bul	
Lewenslus Pemzeg 2de JVL1022 JVL1022; 17 mnde; BW: +1.3; WW: +17 (Lewenslus Pemzeg JVL084 X Lewenslus Peming 2e JVL0615) Teler en Eienaar: JSH van der Lingen, Frankfort	

"Concentration is the secret of strength"
Ralph Waldo Emerson

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

VROULIK	
Junior en Groot Kampioen Koei	
Lewenslus Pembenz 2e JVL0913 JVL0913; 34 mnde; S=110; K=1; (Bar 5 S.A. Piona 04 817N CO03817 X Lewenslus Penbena JVL0224) Teler en Eienaar: JSH van der Lingen, Frankfort	
Reserwe Junior en Reserwe Groot Kampioen Koei	
Sersim Gretchen SER0972 SER0972; 28 mnde; S=120; K=1; (Sersim Prosper SER0623 X Ru-Dev Goldy CMP0254) Teler en Eienaar: MJ Res, Heidelberg	
Senior Kampioen Koei	
Lewenslus Penbena JVL0224 JVL0224; 114 mnde; S=100; K=8; (Anderland Matias-Poena JEK9827 X Lewenslus Penbe JVL984) Teler en Eienaar: JSH van der Lingen, Frankfort	
Reserwe Senior Kampioen Koei	
Lewenslus Penmir 2de JVL0627 JVL0627; 65 mnde; X=92; K=3; (Lewenslus Penbee JVL0313 X Lewenslus Penmir JVL024) Teler en Eienaar: JSH van der Linge, Frankfort	

"Winners are losers who got up and gave it one more try"
Dennis DeYoung

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Super Koei	
Ashtonvale ODA AH0729 AH0729; 54 mnde; S=110; K=3; (Jozette Nergic 0427 (P) CBJ0427 X Wisp-Will Vanna WC9874) Teler en Eienaar: N van Heerden, Bethlehem	

FRANKFORT SIMBRA SKOU

8 Maart 2011
Beoordelaars: L Angus
3 Vertoners – 25 Diere

Meeste punte vir:

Groepe:
(1) LP Becker, Warden
(2) Excelsus Trust, Oranjeville
(3) Quatro SSG, Rant-en-Dal

Vroulik:
(1) Quatro SSG, Rant-en-Dal
(2) Excelsus Trust, Oranjeville
(3) LP Becker, Warden

Bulle:
(1) LP Becker, Warden
(2) Excelsus Trust, Oranjeville
(3) Quatro SSG, Rant-en-Dal

Algeheel:
(1) LP Becker, Warden
(2) Quatro SSG, Rant-en-Dal
(3) Excelsus Trust, Oranjeville

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit twee seuns, ouer as 12 maande:
(1) Corzel CHD05107C, LP Becker, Warden

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit twee dogters, ouer as12 maande:
(1) RRR Prevail 7745, Excelsus Trust, Oranjeville;
(2) LMC Patriot 2335838, Excelsus Trust, Oranjeville

Vaderafstammelingsgroep – bestaande uit ‘n seun en ‘n dogter, ouer as 12 maande:
(1) Happy Venture Pavarotti CPL0614B, Quatro SSG, Rant-en-Dal;
(2) RRR Prevail 7745, Excelsus Trust, Oranjeville;
(3) LMC Patriot 2335838, Excelsus Trust, Oranjeville

Moederafstammelingsgroep – bestaande uit twee kalwers, enige geslag en ouer as 12 maande:
(1) Stefmar 0221DC FM0221C, LP Becker, Warden

“We are what we repeatedly do. Excellence, therefore, is not an act but a habit”
Aristotle

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

Groepe van 4 diere – bestaande uit twee bulle oor 12 maande en 2 vroulike diere:
(1) LP Becker, Warden
(2) Excelsus Trust, Oranjeville
(3) Quatro SSG, Rant-en-Dal

BULLE	
Groot en Junior Kampioen Bul	
Sanleo Maestro BEC0996B BEC0996B; 29 mnde; BW: +3.3; WW: +21; (Corzel CHD05107C X Sanleo 06310A) Teler en Eienaar: LP Becker, Warden	
Reserwe Junior en Reserwe Groot Kampioen Bul	
Sanleo Massai BEC0973B BEC0973B; 30 mnde; BW: +5.0; WW: +20; (Corzel CHD05107C X Sanleo BEC034A) Teler en Eienaar: LP Becker, Warden	
Penkop Kampioen Bul	
Quatro-Pro SSG1010C SSG1010C; 19 mnde; BW: +1.0; WW: +21; (Happy Venture Pavarotti CPL0614B X Quatro-Pro Quinet SSG08102C) Teler en Eienaar: Quatro SSG, Rant-en-Dal	
Reserwe Penkop Kampioen Bul	
Sanleo Mexican Dude BEC1098B BEC1098B; 18 mnde; BW: +4.0; WW: +21; (Marimbra Mexico JDJ0324B X Sanleo BEC08520A) Teler en Eienaar: LP Becker, Warden	

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

"You have to expect things of yourself before you can do them"
Michael Jordan

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

BLUP Kampioen Bul	
Exelsus Prairie HDL1034C HDL1034C; 20 mnde; BW: +2.1; WW: +26; (PRR Prevail 774S X Exelsus ICY1 HDL06142C) Teler en Eienaar: Excelsus Trust, Oranjeville	
VROULIK	
Senior en Groot Kampioen	
Quatro-Pro Quinet SSG08102C SSG08102C; 42 mnde; S=113; K=2; (LM Fullhouse 5L/133 2144815 X Stefmar 0247B FM0247B) Teler en Eienaar: Quatro SSG, Rant-en-Dal	
Reserwe Senior en Reserwe Groot Kampioen Koei	
Exelsus Santie 2 HDL04104B HDL04104B; 88 mnde; S=102 K=5; (Rotswand LZ9447C X Exelsus HDL98214A) Teler en Eienaar: Excelsus Trust, Oranjeville	
Mej Tiener	
Sanleo Stacy BEC10270B BEC10270B; 17 mnde; (Wisp-Will Stan 2 WC0051A X Marimbra Mattie (P) JDJ0437A) Teler en Eienaar: LP Becker, Warden	

"The strongest principle of growth lies in human choice"
George Eliot

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

Reserwe Mej Tiener	
Happy Venture Zelda CPL10116C CPL10116C; 22 mnde; (Hapy Venture Pavarotti CPL0614B X Corzel CHD0545) Teler en Eienaar: Quatro SSG, Rant-en-Dal	
Super Koei	
Stefmar FM0524C FM0524C; 78 mnde; S=108; K=5; (Belle Ombre Jared DD019 X Fanie-Mare FM 94217) Teler en Eienaar: Quatro SSG, Rant-en-Dal	

SIMMENTALER BEOORDELAARS SIMPOSIUM

Op 13 Maart 2012 het ‘n totaal van 20 Beoordelaars die Simposium bygewoon op die plaas van Jan Hattingh. Theo Coetzee het in die algemeen gepraat oor die Simmentaler se vermoë om te presteer in die voerkraal bedryf.

Hy het genoem dat sodra die voerkraal bedryf onder druk kom en die speenkalf pryse daal, syfer dit direk deur na die bul mark en dat bulpryse dan begin daal. Kalwers moet hul aankoopmassa in die kraal kan verdubbel en die Simmentaler kry dit baie goed reg, aangesien die ras bietjie meer laatryp is as bosindicus rasse en dus nie so gou vet aanpak nie.

Alle verse se produksie vermoë is sowat 6% laer as die van bulkalwers en dit is beter om bulle of osse te voer. Hoe meer massa jy op die kalf sit gedurende die periode in die kraal, hoe meer geld is daar te maak uit die kalf. Jy moet huidiglik meer as 13kg mielies kan koop met 1kg vleis se waarde om suksesvol te voer. Simmentaler se goeie Voer Omset Verhouding speel ‘n groot rol en VOV is enige voerkraal se dryfveer.

Die ras het ‘n groot voordeel om swaarder kalwers te speen, swaarder kalwers pas beter aan en groei dan ook beter in die voerkraal. Sommige voerkrale penaliseer boere as kalwers swaarder as 240kg weeg, maar ‘n kalf van 280kg bring nog steeds baie meer geld vir die boer in sy sak, al word daar soos gebruiklik omtrent 40 na 50 sent per kilogram afgetrek vir so ’n swaar kalf.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

SIMMENTALER BEOORDELAARS

“Genius begins great works; labor alone finishes them”
Joseph Joubert

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

VEILINGSUITSLAE

Sien onderstaande **Simbra** Veilingsuitslae vir **SBA Blazing Ahead** gehou op 15 Maart 2012:

	Aantal/verkoop	Gemiddeld	Hoogste
Bulle	29/15	R 32,266	R 100,000
Koeie	4/2	R 10,000	R 16,000
Koei & Kalf	9/9	R 18,333	R 37,000
Dragtige Verse	32/31	R 12,625	R 22,000
Oop Verse	29/18	R 7,611	R 13,000

Sien onderstaande **Simmentaler** Veilingsuitslae vir **AI 4 Veiling** gehou op 29 Februarie 2012:

	Aantal/verkoop	Gemiddeld	Hoogste
Bulle	9/6	R 28,333	R 40,444
Dragtige Koeie	35/29	R 14,000	R 42,000
Koei & Kalf	26/17	R 20,294	R 38,000
Dragtige Verse	5/5	R 18,000	
Oop verse	7/7	R 9,928	

LNR-SIMMENTALER/SIMBRA SAMEWERKING

Die hand van samewerking wat vanaf die LNR aan ons as Simmentaler/ Simbra Genootskap uitgereik is kan ons nie summier ignoreer nie. BREEDPLAN bly die genootskap se diensverskaffer maar LNR se samewerking kan waardevol vir ons lede wees veral as dit tesame met BREEDPLAN® se magtige Internasionale navorsing benut word. Die LNR bly Afrika se grootste Landbou-navorsinginstansie en het byvoorbeeld 8 wetenskaplikes met PhD's in diereteelt terwyl BREEDPLAN 27 wetenskaplikes het. Gesamentlik skep ons dus enorme kapasiteit vir die genootskap. Waar moontlik moet die Simmentaler/Simbra genootskap met die Staat saamwerk veral wat navorsing betref.

Fase C en D

Die Simmentaler/Simbra genootskap het in 2006 verskeie wêreld kenners se opinie oor Fase C en D toetse gekry. Die artikel is ook in die Simbra Joernaal van 2006 geplaas. Wetenskaplik is daar geen sin daarin om te wil teruggaan na Fase C en D toetse nie. Voor teelwaardes was dit onmoontlik om diere oor verskillende groepe, jare, seisoene en kuddes met mekaar te vergelyk. In die vroeë 1960's-70's was die enigste logiese manier van vergelyking die groepering van jong bulle vanaf verskillende telers in 'n sentrale toetsstasie (in Suid-Afrika bekend as Fase C). Diere is sodoende direk met mekaar vergelyk en die effek van die omgewing is in 'n mate beperk.

Hoogste prys
DM08388
Verkoper: D Metzger
Koper: Willie Lubbe

Hoogste prys
Verkoper: A Ellis
Koper: Willem Botha

"A wise man will make more opportunities than he finds"
Francis Bacon

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

Die koms van teelwaardes in die laat 1970's het 'n revolusie in prestasie-aantekening teweeggebring, omdat die genetika van diere nou vir die eerste keer behoorlik beskryf kon word, met volledige inagneming van omgewings- (voedings-) verskille. Vir die eerste keer kon diere nou oor groepe, jare, seisoene en selfs plase vergelyk word. Jy kan maar sê dat alle prestasiegetoetste bulle in die land nou deur middel van 'n groeitoets getoets word. Ons kon nou met redelike goeie akkuraatheid voorspel hoe 'n dier sou teel en teelwaardes is ook vir ander eienskappe as groei bereken (soos bv. reproduksie en melk).

Dieselfde artikel het daarop gewys dat die eienskap "netto voer inname" of "Net feed Intake" soos deur BREEDPLAN gemeet word wel sinvol kan wees maar dat 'n verteenwoordigende groep bulle getoets moet word. Dit beteken ten minste vyf diere van dieselfde kontemporêre groep verkieslik uit twee kuddevaars. Een van die kuddevaars moet ook nageslag in ander, soortgelyke kontemporêre groepe bevat. Sulke toetse vind tans in Amerika, Kanada en Australië plaas en teelwaardes word vir die diere bereken. Meer besonderhede oor die eienskap is ook op die tegniese gedeelte van die www.breedplan.co.za webblad beskikbaar. Die Simmentaler/ Simbra genootskap kyk ook na verskeie navorsingsprojekte om hierdie eienskap sinvol onder ons diere te kan meet.

Navorsingsprojekte

LRF lede (waarvan die Simmentaler/Simbra 'n stigterslid is) gaan op 20 Junie 2012 in Bloemfontein met Vrystaat Universiteit, LNR en LRF genootskappe 'n werkswinkel hou om verskillende navorsingsprojekte te bespreek. Een van die punte op die agenda is navorsings projekte rondom Genomiese ontledings. Die nuutste navorsings resultate deur die Beef CRC in Australië en die beef Konsortium in Amerika het daarop gewys dat elke land (en selfs populasie) sy eie verwysings bevolking moet skep om sinvolle resultate met genomika te bewerkstellig. Navorsing op Genomika is egter geweldig duur en kan prakties gesproke net sinvol deur die Staat en staatsinstansies befonds word. Die beef CRC in Australië het as voorbeeld reeds R2 Biljoen rand in genomiese navorsing gespandeer. Die metodiek om Genomiese teelwaardes uit te werk word reeds in die BREEDPLAN genetiese evaluasie modelle vervat en sal ook vir Suider Afrika rasse toegepas word. Die stand van sake rondom genomika was onlangs by 'n kongres in Melbourne, Australië deur verskeie internasionale wetenskaplikes bygewoon en die verskeie referate is op die webblad http://www.smogenomics.org/ beskikbaar.

Slotsom

Die feit dat die Simmentaler/Simbra met die LNR gaan saamwerk beteken nie dat die genootskap ewe skielik gaan terugkeer na Fase C en D toetse nie. Inteendeel, ons gaan saamwerk op wetenskaplik gebaseerde projekte, soos die meet van "netto voer inname" en Genomika, tot voordeel van alle Simmentaler en Simbra telers.

Dr Johan Kluyts (Voorsitter)
Dr Michael Bradfield (Breedplan SA)

"It is the want of diligence, rather than the want of means, that causes most failures"
Alfred Mercier

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

DIE BASIS VAN TEELWAARDES
Deel I

BESTUURSGROEPE – baie belangrik vir meer akkurate TWs
Diere wat aan verskillende behandeling of bestuur onderwerp was, wat 'n invloed op hul gewig mag hê, moet van verskillende behandelingskodes* voorsien word sodat hulle nie direk met mekaar vergelyk word in die ontleding nie. Voorbeelde: voor-geboortebestuur van moeder (siek, skou, ens.) affekteer kalf se geboortegewig/kalwingskode; kalf se speengewig word beïnvloed deurdat moeder gemelk is; koei laat twee kalwers suip; sekere diere in 'n weeggroep vir skou of veiling gevoer; betekenisvolle verskille in voeding/weiding wat die gewig beïnvloed (een groep op ou mielielande en maats op winterveld). Om groepe so groot as moontlik te hou, moet daar nie onnodige groepe geskep word nie. Bestuursgroepering word **nie** vir geslag, tweelinge, ouderdom en koeistatus (koei/vers) benodig nie, aangesien die rekenaar dit hanteer.

*Voorsien **eie keuse** letters (ons stel nie belang in die rede) op die geboortekennisgewing en gewiglys, bv. M = moeder van kalf gemelk, S = moeder van kalf voor geboorte vir skou gevoer, K = gewig van kalf deur siekte beïnvloed, ens. Indien geen bestuursgroepletter ingevul is nie, word aanvaar dat alle diere in 'n weeggroep dieselfde behandeling ontvang het.
Verwysing: BLUP Handleiding

Question and Answer:
Should I record calves from my top cows only?
No! The accuracy of Breedplan relies on building up a complete profile of performance records for the herd. Selective recording will deny you a true picture of what is happening in your herd, and will give you EBVs which are less accurate and of limited use in any breed genetic evaluation.
Record the outcome of all matings, even if the calf was born dead or did not make it through to weaning. There is no charge for recording dead calves. This information will help to receive better, more accurate EBVs for reproduction.
Reference: Breedplan User Manual

For more information about EBVs click here: Breedplan

DNA LAB NOMMER OP SIMMENTALER EN SIMBRA SERTIFIKAAT
Op versoek van telers sal die DNA laboratorium nommer voortaan regs onderaan die Simmentaler en Simbra sertifikaat verskyn as "DNA number: …..". Die laboratorium nommer sal aangetoon word indien die dier DNA op rekord het andersins: -
: 123456 U – By Unistel getoets.
: 12/126D – Fiktiewe nommer.
: P129/A – By LNR getoets.

"Reputation is for time; character is for eternity"
JB Gough

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

SERTIFISERING VOEG WAARDE TOE

Sertifisering voeg waarde toe

By 'n onlangse Karoo Ochse maandelikse veiling op Swellendam het gesertifiseerde Fleckvieh-kalwers weer premie-pryse behaal.

Alle gesertifiseerde Fleckvieh- (FV) en Fleckvieh-kruisings het meer as R20/kg behaal, sê Thys Swart van Kykso Simmentalers.

"Kritici van die ras word telkemale verkeerd bewys met ware syfers. Die Fleckvieh het 'n plek in vele melkkuddes in die land om waarde toe te voeg en 'n ekstra inkomste te genereer.

"Veilingsuitslae van Fleckvieh-kruiskalwers wat gesertifiseer is, bewys die premie wat verdien word met hierdie diere. Die blou oorplaatjies bewys die kalf is gesertifiseer en dat die vader 'n Fleckvieh-bul van Bavarian Fleckvieh Genetics is."

Proewe in Switserland dui daarop dat Fleckvieh-beeste minder voer per kilogram liggaamsmassa vreet as ander suiwelrasse. Proewe by die Outeniqua proefplaas bewys dat minder Fleckvieh-kruisings per hektaar aangehou kan word om dieselfde hoeveelheid melk te produseer. In hierdie proefneming was die weidingsbelading per hektaar 8,2 Jerseys teenoor 6,3 Fleckvieh-kruise. Met 1,9 Jersey koeie meer, produseer die Jersey net 4 815kg meer melk/ha as die Fleckvieh/Jersey-kruise.

Gesertifiseerde kalwers op veiling het onder andere die volgende pryse behaal:

Suipkalwers:

- 1,5 maande oue F2 Fleckvieh-bulkalwers (75% Fleckvieh) behaal gemiddeld R1 450
- 1,5 maande oue Fleckvieh/Jersey-kruis (50% FV) vers behaal R1 300

F2 Speenkalwers:

- Gesertifiseerde Fleckvieh verse (75% FV) behaal R3 237 per kalf
- F2 Fleckvieh-bulkalwers behaal R2 800 per kalf
- F2 Fleckvieh-bulkalwers behaal R3 700 per kalf

Ander:

- Kalwers (F2 en F1 gemeng), gemiddeld 252kg, behaal R5 000 of R19,84/kg
- Speenkalwers (FV 100%) onder 300kg, behaal R5 200 of R18,37/kg
- Speenkalwers bo 400kg (FV100%), gemiddeld 430kg, behaal R7 117 of R16,55/kg
- Fleckvieh-bulle teen 'n gemiddelde gewig van 530kg, behaal 'n gemiddelde prys van R8 000 of R15,10/kg
- Fleckvieh-melkbul (twee jaar) behaal R12 500 TDM

Dehan van Deventer, sertifiseerder in die Overbergstreek, met twee Fleckvieh/Jersey-bulkalwers met die Fleckvieh oorplaatjies

"Ability is useless unless it's used"
Robert Half

APRIL 2012 Uitgawe/Issue No/Nr 35

The Sim Bulletin is a regular newspage that will be issued on a monthly basis.

BELANGRIKE DATUMS (ook beskikbaar op ons webblaaie)

APR	11	Wo	Multi - Sim Veiling (Niemandia & Leeupoort) **Rustenburg**
	12-13	Do-vry	Simmentaler Beginnerskursus Middelburg - Kursusleier Willie O'Brien
	18-19	Di-Do	Vryburg Skou Sim en SBA
	20	Vry	Vryburg Sim & SBA skouveiling
	26	Do	Lichtenburg Simmentaler Skou & Prosim Kampioenskappe

MEI	1	Di	Stefmar en Jacmar Produksie Veiling
	3	Do	Welman Broers **KOSTER**
	10	Do	Excelsus Simbra Veiling
	11	Vry	Taaibosspruit Veiling - **Lichtenburg Skougronde**
	15-18		Nampo Oesdae - **SIMMENTALER SIMBRA EN BRAFORD**
	22	Di	Asmer Simmentalers en Simbras Uitverkoping
	23-24		Prosim Studiegroep - Simmentaler Leerling/Junior Beoordelaarskursus, **Klerksdorp**
	29-31	Di-Do	Royal Skou **Pietermaritzburg**
	30-31		**Rustenburg** Skou

Jun	5	Di	Delft, Tobonama & Hendazee **ERMELO**
	7	Do	CdeW Jacobs **WASBANK**
	13	Wo	Kiriake Top Stuff Sba 2012 Produksie Veiling - Gasverkoper Kiepersol **Plaas Witfontein, distr Magaliesburg ,**
	14	Do	Winner's Circle - Bleka Trust & Delft Produksie Veiling SBA **Klerksdorp**
	21	Do	Rolmodelle Simmentaler Veiling **Klerksdorp**
	22	Vry	Herdmaster Kursus, **Bloemfontein**

IN HIERDIE UITGAWE / IN THIS ISSUE:

Stuur gerus vir ons enige klagtes en gedagtes, kommentaar, insette, foto's, asook wat u graag in die Bulletin sal wil sien na Belinda Putter by info@simmentaler.org Ons hoor graag van u!

To view the Bulletin Electronically you need to register on the website at http://www.english.simmentaler.co.za/index.php/login-register/